17 Feb

Uitgawe 2010/02/17

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Toe antwoord Bíleam en sê aan die dienaars van Balak: Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, ek kan die bevel van die HERE my God nie oortree om klein of groot te doen nie. (**Num.22:18**). Bíleam het God so goed geken dat hy geweet het dat hy nie God se doel kan terugdraai nie, hy het soveel respek vir God gehad dat hy nie enigiets sonder Sy toestemming sou doen nie. Alhoewel Bíleam inhalig was het hy nie gedurf, selfs toe hy versoek was met weelde en eer, om God se opdrag teen te gaan nie. ***Hemelse Vader, ons weë stem nie altyd ooreen met U s'n nie. Vergewe ons asseblief. Mag die oortuiging van die Heilige Gees so dringend in ons harte wees dat ons nie sal durf om enigiets te doen waarmee U nie mee saam stem nie.***

Deurbraak : Ek sal vir Christus sterf

Here, as U bestaan, genees my asseblief. Ek offer my lewe aan U en sal U dien het Trung gebid terwyl hy in sy kamer gekniel het en onthou van getuienisse van hoe Jesus op wonderbaarlike maniere die siekes genees. Trung het malaria gehad en medisyne het nie gehelp nie. Sy gesondheid het agteruitgegaan en hy het verwag dat hy sal sterf. Hy het gedink aan stories uit sy kinderdae van Jesus en vir genesing gebid voor hy gaan slaap het. Teen middernag het hy gehoor hoe die Here sy naam roep. Hy het geskrik en het regop in sy bed gesit en God se vrede ervaar. Hy het God se genesing ervaar en het beter gevoel die volgende oggend. Trung het na sy bekering evangelisasie werk gedoen, was gearresteer vir sy geloof, geslaan, vrygelaat en hou aan om God te dien in Viëtnam ten spyte van die pyn wat hy ervaar van die houe wat hy toegedien was in die tronk. (Webruimte: http://www.persecution.com.au/news.asp?id=427&pid=1, 01/02/10). ***Prys die Here vir die manier waarop Hy Homself aan Trung openbaar het. Prys ook die Here vir die deursettingsvermoë wat hy het om selfs tot vandag 'n getuienis vir Christus te wees. Bid dat baie ander in Viëtnam deur sy getuienis geseën sal word en dat hulle God die Vader sal ken en ook Jesus Christus wie Hy gestuur het.***

Bid vir jou gemeenskap : Seën

Ek het onlangs gehoor hoe iemand 'n ander persoon groet met die woorde, "Die Here seën jou". Die woorde het 'n groot impak op my gehad en die woorde het heeldag in my gedagtes gemaal. Ek het aan **Ps.103:1-5** gedink. ***Spreek die seën uit oor jou gemeenskap. Bid dat elkeen se siel die Here sal loof en aan sy weldade sal dink. Bid dat God se vergifnis en genesende krag geopenbaar sal word. Bid dat God se genade en liefde aan elkeen in jou gemeenskap geopenbaar sal word.***

Suid-Afrika : Mensehandel

Stop Trafficking of People (STOP) het onlangs afgeskop met hul Publieke Diens Verklarings veldtog met twee videos wat die aandag vestig op die toename in mensehandel en die bedreiging daarvan. Talle insidente van mensehandel wat gemik is op kwesbare vroue vir seksuele uitbuiting word regoor die land aangemeld soos die Wêreldbeker nader kom. STOP se Publieke Diens Verklarings veldtog is bekendgestel in 'n tyd waar onwettige seks industrieë toeneem en sluit in die vermeerdering van onwettige bordele in residensiële areas in die land. Ondersteun asseblief STOP se veldtog deur na die video's te kyk en ook familielede, vriende en gemeentes aan te moedig om dieselfde te doen. (Webruimte: http://www.2010humantraffic.org/index.htm, 16/02/10). ***Bid dat die veldtog ten volle ondersteun sal word deur Suid-Afrikaners. Bid dat gelowiges waaksaam sal wees en in gebed sal uitroep na God namens die onskuldiges en die weerlose.***

Internasionaal : Haiti

Dit is nou net meer as 'n maand sedert die aardbewing wat verwoesting in Haiti gesaai het. Meer as 250 000 mense het gesterf. Selfs meer is beseer. Sommige loop nog met hul wonde. Infeksies is aan die orde van die dag en raak nou lewensgevaarlik. Terwyl mense se lewens nog steeds in gevaar is, het baie al van Haiti vergeet. Die media fokus al weer op iets anders. Die kerk word aangemoedig aan te hou om bid vir die mense van Haiti. Christene deel hul geloof ten spyte van die tragedie. Maar die tragedie sal vererger met die reën seisoen. Die reën seisoen sal moontlik probleme voortbring soos cholera – 'n siekte wat nie algemeen in Haiti voorkom nie. Tydens Juniemaand kom orkane voor. (Webruimte: http://www.mnnonline.org/article/13885, 16/02/10). ***Bid dat God die werke van die reddingsdienste sal seën en bespoedig sodat mense verlos kan word uit hul lyding en teëspoed wat hul nou deurgaan. Bid dat elkeen toegang sal hê tot veilige drinkwater, kos, immunisasie en ander mediese behandeling wat hul dalk nodig het. Bid dat God sal aanhou om op 'n kragtige manier deur Christelike reddingspanne te werk, en dat Hy vir hul wysheid sal gee om die gemeenskap daar te dien.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com